



SAAM-PRAAT-PAPIER

9 Februarie 2014

NEHEMIA 1;1-2:5

Die verhaal van Nehemia seun van Gakalja. Dit was in die maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad Susan. (2) Ganani, een van my medeamptenare, het daar aangekom uit Juda, hy en 'n paar ander manne. Ek het by hulle navraag gedoen oor die Judeërs wat uit die ballingskap vrygelaat is en teruggegaan het, en oor Jerusalem, (3) en hulle het vir my gesê: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is verbrand.” (4) By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid. (5) Ek het gesê: “Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u troue liefde handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooi gehoorsaam, (6) luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid. Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig. (7) Ons het U nie geëer nie, ons was ongehoorsaam aan die gebooi, die voorskrifte, die bepalinge wat U aan u dienaar Moses gegee het. (8) Dink tog aan die belofte wat U aan u dienaar Moses gemaak het: ‘As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi, (9) maar as julle julle tot My bekeer en my gebooi gehoorsaam en nakom, sal Ek julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon.’ (10) Hulle is u dienaars, u volk vir wie U met u groot mag en krag gered het. (11) Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaar en na die gebed van u dienaars, hulle vir wie dit 'n vreugde is om u Naam te eer. Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees.” Ek was die koning se skinker.

DIE VERSKIL WAT JY NOG ALTYD WOU MAAK

HOE WORD EK SO IEMAND WAT VERSKIL MAAK? DEUR:

- 1 DIEPGERAAKTE HART (VS 1-4)
- 2 BIDDENDE HART (4-9)
- 3 DIENSWILLIGE HART (10,11,2:1-5)

SAAM-PRAAT

- 1 WAT SÊ GOD VIR JOU UIT HIERDIE GEDEELTE ?
- 2 WAAR EN HOE WIL JY 'N VERSKIL MAAK VIR DIE HERE?
- 3 VIR WATTER NOOD IN DIE OMGEWING WIL JULLE GROEP VANDAG BID ?

